

27 Julie

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-53

Fokusgedeelte: Lukas 24:51-52

Aanbidding

Die eerste huldebetoon aan Christus nadat Hy na die hemel opgevaar het, is dat die dissipels Hom aanbid. So bring hulle eer aan Hom en erken Hom as God. Die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk ná die hemelvaart is in aanbidding, in erkenning van Wie Hy is.

Hoewel Jesus van hulle af weg is, is daar blydskap (vs 52). Hulle het nou verstaan dat Hy die Messias is wat sou kom, dat die verlossing verkry is en dat hulle die draers van hierdie goeie nuus mag en moet wees (vs 45-49). Daar is 'n verwagting van 'n nuwe fase, 'n nuwe bedeling waar hulle deur die Gees met krag toegerus sal wees om getuies te wees (vs 24:49; Hand. 1:8). In hierdie verwagting bly hulle by die tempel en prys God.

Deel van gebed is om eer aan Christus te bring vir Wie Hy is en wat Hy kom doen het, om te buig voor Hom en om in blydskap te erken dat ek deel van sy plan en opdrag is. Gebed is nie bloot 'n lysie van alles wat ek nodig het, of die oorgee van al my sorges aan God nie. Gebed is ook om te vereer, te erken en om in die teenwoordigheid te wees van God wat verlos, al is ons nietige mense.

'n Nuwe begin beteken aanbidding: 'n erkenning dat Jesus God is, dat Hy die een is wat met ons, sy kerk, op pad is. Dit beteken dat ons ons eie ideale, eie ek, eie begeertes en eie agendas voor Hom sal neerlê en sal luister en doen wat Hy vra.

Sing: Psalm 45:1, 16 (1936)

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)